

VOORBEREIDING

Die voorbereiding van die oppervlakte is 'n belangrike deel van die proses en moet deeglik gedoen word. Enige vuilheid en stowwerigheid tydens aanwending van die produk sal 'n nadelige invloed hê op die bindingskrag en glansafwerking van die produk. **Moenie die swembad met suur was voor aanwending van die epoksie nie.** Suur op die oppervlakte is baie nadelig vir die produk se bindingsvermoë met die beton of sement. Indien die swembad met suur gewas is voor aanwending van die epoksie, was alle suur tweekeer af met industriële koeksoda en was die swembad goed uit met 'n drukspuit en water voordat die swembad afgeskuur word. Gebruik skropborsels indien nodig om alle suur en koeksoda af te was. Maak die vloer ook goed skoon na die tyd.

***Nota vir veselglas swembaddens:** Alhoewel die aanwysings meestal die proses vir marmersement swembaddens verduidelik, kan die produk ook op veselglas aangewend word. Ignoreer die punte wat verwys na die herstel en skoonmaak van mosaiek teëls en die herstel van sement oppervlaktes. Veselglas oppervlaktes moet egter nie gebars wees nie en die oppervlakte moet solied en stewig wees.

1. Pomp die swembad leeg. Elektries- sowel as petrolpompe kan gehuur word by enige gereedskap-verhuringmaatskappy soos Tallisman, Toolhire, Hire Quip ens.
2. Was teëls met Handy Andy en skrop borsels as teëls nie te erg aangepak is nie. Mosaic Wonder wat beskikbaar is by meeste swembadwinkels kan ook gebruik word (wees versigtig vir aanraking met die vel en oë, dit is 'n baie sterk chemikalië).
3. Vir dik aangepakte teëls, gebruik 'n "Wire Wheel 50 x 12" of "Flapwheel Sander 60 x 40mm paint remover disc", ('n "Disc Sanding 115mm Flap 80" kan ook gebruik word). Bogenoemde word op hoeksnyer (angle grinder) of boormasjien gebruik om erg aangepakte teëls effektief mee te skoon te skuur. Sowat 2 tot 3 van hierdie skywe sal benodig word vir die teëlwerk in normale grootte swembaddens (verkrygbaar by Builders Warehouse). Toets eers deur een teël te skuur om te bepaal watter skyf krap of brand nie die teëls nie.
4. Was die swembad en teëls deeglik af na die skoonmaakproses met chemikalië aangesien dit die epoksielaag kan vlek na die tyd.
5. Klop die hele swembad om seker te maak dat daar nie los sement is nie.
6. Kap los gedeeltes uit en herstel. Gebruik "Underwater Pool Patching" vir klein herstelwerk en/of marmersement (marblite) wat by swembadwinkels verkrygbaar is vir groot herstelwerk. Underwater Pool Patching van Cemcrete wat ook beskikbaar is by baie swembad verskaffers of van Pool Solutions, is ook ideaal omdat dit vinnig droog word binne 'n uur of twee. Dit kan drooggeblas word met 'n warmlugblaser.
7. Vul die gate en barste tot die oppervlakte gelyk is. Wanneer droog, skuur gelyk tot dit glad is soos die res van die oppervlaktes.
8. Skuur die hele swembad af met P16 "fibre discs" gemonteer op 'n 230mm hoeksnyer (angle grinder) toegerus met 'n buigbare rubber stutskyf. (Die beskermingsplaat "safety cover" van die hoeksnyer moet verwyder word omdat daar met platkant van die skuurskywe gewerk word teen die oppervlakte van die swembad). Tot soveel as 0.5mm - 1mm oppervlakte kan verwyder word todat alle merke, alge en ander vlekke verwyder is. (Lucas Abrasive tiepe P16 skywe is beskikbaar vanaf Pool Solutions.)
9. Alternatiewelik indien die swembad 'n harde soliede oppervlakte het kan daar gebruik gemaak word van hoë-drukwater (high-pressure washer) met ten minste 200KPa druk om die wande voor te berei in plaas van om met skuurskywe. The hoëdrukwater moet toegerus wees met 'n draaipen spuitpunt "rotating-pencil-nozzle". Doen navraag by u plaaslike toerustingverhuringwinkel. Was die swembadwande ten minste tweemaal volledig en orals met die hoëdrukwater op 'n afstand van 4-6cm vanaf die wand. Indien die marmersement holtes of stukke uitgespuut word, werk liever met die skuurskywe soos hierbo beskryf.
10. Indien die swembad afgeskuur is, spuit die hele oppervlakte met gewone tuinslang maar met soveel moontlik druk skoon om alle stof te verwyder en laat toe om heeltemal droog te word.
 - Veselglas oppervlaktes moet met growwe skuurpapier (P60) oral en baie goed geskuur word voordat epoksie aangewend word om 'n goeie meganiese verbinding te bevestig met die epoksielaag.

11. Verwyder alle water uit die swembad en laat toe om droog te word. Verwyder water uit die “Weir” en blaas ook hard in die inspuitsgate om water uit die pype te kry.

WENK: Om seker te maak daar nie water uitdruip op die nat epoksie nie, skroef die tuitringe af vanaf die swembad spuit-uitlate. Maak ’n “prop” deur ’n lap binne in ’n plastieksakkie te druk, smeer silikon verseëllaar buiteom die plastieksakkie en prop stewig binne-in die uitlaat openinge.

14 Die swembad moet oral stofvry genoeg wees sodat met die hand oor die oppervlakte gevee kan word sonder dat oormatige stof op die handpalm vergader. Dit is die moeite werd om meer as eenkeer te was indien nodig om seker te maak dat die swembad so stofvry as moontlik is.

15 **Nuwe swembaddens** moet met marblite of met ’n sement gepleister word wat baie hard en solied is na droging. Vir sementpleister kan Sika1 of ander verharder by die water gevoeg wanneer die sement gemeng word om die sement goed te laat bind en seël. Poreuse of stowwerige sement sal nie sterk genoeg wees nie en kan later saam met die epoksielaag loskom. Laat nuwe konkruit en sement swembaddens genoeg tyd toe om te verhard voordat die swembad met epoksie bedek word, gewoonlik 28 dae. Toets die voginhoud van die nuwe sement oppervlakte deur ’n deurskynende plastiekvel 1m x 1m op die bodem van die swembad te plaas in die son. Indien geen vogdruppels aan die onderkant van die vel gevorm het na 2 dae nie, is die oppervlakte normaalweg gereed om geveer te word.

NB! Nadat sterk chemikalië soos Mosaic Wonder of ander chemikalië gebruik is om teëls skoon te maak, is dit belangrik dat hierdie chemikalië goed afgeskrop word met seep en water. Was die swembad ook deeglik uit om alle afval chemikalië te verwyder. Suur en chemikalië kan die nut-aangewende epoksie verkleur en dit laat oplig.

16 Sny met ’n kwas in tot teen die teëls. Moenie tussen die klein teëltjies probeer verf nie, maar verseker wel dat die epoksie tot teen die teëlkant aangeveerf word. Gebruik ’n medium-grootte kwas waar nodig om fyner verfwerk te doen teen die teëls en in skerp hoeke. (Verwyder los hare op kwaste deur dit ’n paar keer met vingers te pluk en sny die punt reguit met sker.)

17 Gebruik MOWHAIR of MOCK MOWHAIR 50mm breedte en 100mm breedte rollers om die epoksie aan te verf. Skaapvel rollers is geneig om af te gee en deeltjies agter te laat wat lastig is en die glansafwerking kan bederf. 50mm Rollers is handig vir die klein geboë gedeeltes van die swembad. Koop genoeg rollers sodat nuwe rollers vir elke laag gebruik kan word.

18 Hou in gedagte dat die produk binne 30 - 60 minute aangewend moet word nadat die komponente saamgevoeg is. Die settyd (pot life) wissel met temperatuur en sal verkort op baie warm dae. Kry ’n helper om te help met die kwaswerk terwyl ’n ander persoon die wande en vloer verf om sodoende tyd te bespaar.

NB! Meng slegs beperkte hoeveelhede (bv. 4L van Deel A en B komponente op ’n keer om seker te maak dat die hoeveelheid gemengde produk opgebruik word tydens aanwending binne die settyd (potlife) van die gemengde produk, veral tydens warm weer. WENK: Gemengde produk kan in die skaduwee gehou word en kan self in ’n groter houër met ys geplaas word om settyd te verleng indien nodig maar is normaalweg nie nodig nie.

19 Maak voorsiening vir ’n plastiekvel “drop sheet” naby die trappe van die swembad waar met die houers ens. gewerk word en waar in- en uitgeklim word. Skoene moet altyd op die plastiekvel gelaat word wanneer die swembad verlaat word. Maak voorsiening vir Spiritus en “Mutton Cloth” op plastiekvel, sodoende kan besmetting van plaveisel en ander oppervlaktes dadelik verwyder word terwyl die produk nog nat is.

20 Werkers behoort die roller in die een hand te gebruik terwyl ’n skoonmaaklap in die nader hand gehou word om merke op teëls en plaveisel onmiddelik te verwyder. Epoksie besmetting moet verwyder word voordat dit droog word.

21 Werkers is geneig om met die een hand (wat heel moontlik vol epoksie is) te stut teen plaveiseloorhang of die teëls. Hou dus dop vir vatmerke teen die rante en op die teëlwerk.

WAARSKUWING

Gebruik rubberhandskoene, waterskoene, filtermaskers met chemiese- en stoffilters en beskermbrille veral wanneer met suur of Mosaic Wonder gewerk word. Ook wanneer die epoksiekomponente gemeng en

aangewend word. Die epoksie produkte bevat ook verfverduuners en benziën alkohol wat nadelige damp inaseming kan veroorsaak. Vermy inaseming en kontak met die vel. Was kontaminasie op die vel af met Spiritus, warm water en seep so gou moontlik na kontaminasie. Beskerm oë ten alle tye met 'n beskermbril tydens meng en aanwending. Moenie eet, drink en toilet gebruik tydens aanwending nie, trek besmette klere uit, was en stort deeglik voor etenstye.

Besmetting van die oë moet dadelike behandel word deur herhaaldelik met skoon water en/of melk uit te was. Raadpleeg 'n geneesheer so gou moontlik.

Meeste vloeistof chemikalië is vlambaar, vermy oop vuur en rokery naby die werkarea en stoorareas.

Vrywaring: Pool Solutions, die eienaars, werknemers en/of enige afilliale, is nie verantwoordelik in enige hoedanigheid vir enige ongelukke, beserings, gesondheidsprobleme of enige ander skade of eise wat mag voortspruit uit die stoor, gebruik en aanwending van enige van die produkte wat verskaf is nie.

ONDERLAAG (Primer)

Aanwending van die onderlaag is onderliggend vir die sukses van die finale produk en verskaf 'n beskermingslaag teen eksterne vog, dit penetreer en versadig die sement/marmersment substraat en dien as 'n bindingselement tussen die oppervlakte en die dekoratiewe bolaag.

Die onderlaag word in twee komponente Primer-A en Primer-B verskaf wat gemeng moet word in die verhouding **3:1**, afhangende van die spesifieke produk weergawe verskaf.

Let asseblief op na die aanduiding op die houers aangebring vir die spesifieke mengverhouding van toepassing

Bv. (3:1)	<u>PRIMER-A</u>	<u>PRIMER-B</u>
	3l	1 l

Moet verkieslik nie meer as 4 liter meng nie. Hou in gedagte dat die settyd 45 min of minder kan wees op warm dae. Meng liewer kleiner hoeveelhede indien nie seker van die aanwendingstempo nie.

- 1 Let daarop dat indien daar 'n klein area oorbly wat geverf moet word, kleiner hoeveelhede in die korrekte verhouding gemeng moet word om die area te bedek. Meet die hoeveelheid A en B komponente uit met 'n maatbeker en meng in aparte menghouer of emmer.

Wenk: Gebruik ou 500g margarine houers om die drie dele A en een deel B komponente uit te skep/af te meet. Dit behoort 'n gemaklike finale verfhoeveelheid te voorsien. Moenie ook nie te klein hoeveelhede probeer meng nie aangesien dit onakurate mengsels kan veroorsaak wat verkleuring kan veroorsaak of selfs kan faal om te droog.

- 2 Moenie die produk probeer aanverf wanneer die gemengde produk in die houer alreeds begin dikker word nie. Produk wat reeds begin verhard sal geen klouvermoë hê nie. Meng liewer kleiner hoeveelhede om mee te werk.
- 3 Meng die A-komponent (Primer A) eers **afsonderlik** baie goed voordat uitgemeet en bymekaar gevoeg word om seker te maak dat eweredig mengsel uit die oorspronklike produk verkry word tydens die projek. Daarna kan die komponente afgemeet en bymekaar gevoeg word. Meng die saamgevoegde mengsel ook baie goed. Meng vir ongeveer 2 minute met 'n elektriese boor toegerus met 'n mengpunt.
- 4 'n Boormasjien met 'n mengpunt (beskikbaar by meeste hardeware winkels) word aanbeveel vir alle mengwerk maar 'n plat plankie kan ook gebruik word, 'n ronde stok meng nie baie effektief nie.
- 5 Wend nou aan die oppervlakte van die swembad met MOWHAIR of MOCK MOWHAIR rollers (50 - 100mm) net soos 'n gewone muur geverf word. Wend een goeie laag aan deur die hele swembad. 50mm MOWHAIR rollers kan gebruik word in die nouer en geboë areas.

- 6 Die verwagte verspreiding van die onderlaag produk is 14-18m² /liter afhange van die poreusheid van die oppervlakte. Die onderlaag sal baie geabsorbeer word.
- 7 Begin by die diepkant en verf die kante en bodem in die rigting van die vlakkant en die trappe laaste.
- 8 Op **nuwe sement/marblite of konkruit oppervlakte**, hoe langer die nuwe oppervlakte toegelaat word om te droog, hoe beter. Volgens spesifikasie neem nuwe konkruit en sement 28 dae vir inherente droging. Klammigheid is die een grootste sondebok wat afdopping kan veroorsaak. Toets die verdampingstempo van nuwe swembaddens deur 'n plastiekvel 1m x 1m op die bodem vas te plak met maskeerband waar die son die meeste sal bak. Toets oor een of twee dae in die son of daar waterdruppels onder die plastiekvel gevorm het. Indien nie, is dit gewoonlik 'n teken dat die sement/konkruit goed gedroog is.
- 9 'n Goeie versadigende onderlaag moet aangewend word op **marmersment** swembaddens om 'n sterk seëlaag te vorm teen omgekeerde osmose (watersyfering van buite die swembad). Die onderlaag mag op plekke amper geheel en al intrek in die oppervlakte. Verf die eerste dag vroeg een goeie nat onderlaag aan en hou dop waar dit drooëlaat toe om in te trek oor 'n tydperk van ongeveer 2-4 ure. Indien droë kolle vorm, herbenat hierdie kolle weer goed. Kolle van verskillende skakerings mag voorkom, dit is normaal.
- 10 Bedek veral die boonste 0.5m strook van die swembad en die trappies baie goed om 'n sterk beskermingslaag te vorm teen vog en water wat van die tuin/grondoppervlakte af mag deursyfer.
- 11 Gebruik gladdesool skoene of waterstewels "Gum Boots" waarvan die sole gladgeskuur is om op die onderlaagepoksie te loop. (Gladgeskuurde sole sal nie spore trap op die sagte onderlaag nie)
- 12 Begin vroeg, sodoende is daar genoeg tyd oor om op dieselfde dag die eerste bo-laag op die taai of selfs natterige onderlaag aan te wend. Dit sal verhoed dat die bo-laag delamineer vanaf die onderlaag en beter verbinding verseker tussen lae.**
- 13 Indien enige epoksielaag oornag of langer toegelaat is om te droog** en die laag het hard en glanserig geword, skuur die laag eers volledig met die hand en P60 skuurpapier om tussenlaagverbinding te verbeter. Epoksielae wat hard geword het, vorm wat in tegniese terme "blushing" genoem word. Dit is die vorming van onreaktiewe komponente op die oppervlakte van die laag. Die skuurproses tussen lae verwyder hierdie nadelige, somtyds onsigbare waslagie. **Dit is belangrik dat heeltemal droë lae geskuur word om afdopping van boonste lae te voorkom.**
- 14 Die eerste bolaag wit, ligblou of ander gekleurde epoksielaag word aangewend terwyl die onderlaag nog redelik klam is en nog nie te taai geword het nie. Die proses moet voltooi word oor die hele oppervlakte voordat die onderlaag op plekke heeltemal droog geword het. Begin liever te gou as te laat. Indien dit wel blyk dat die onderlaag te gou droog geword het op plekke, stop liever die aanwending van die bolaag en verf die volgende dag verder nadat die harde onderlaag eers goed met skuurpapier geskuur is.**
- 15 Gebruik nuwe rollers om elke laag aan te wend aangesien ou rollers hard word van die epoksie. Rollers kan wel met verdunners gewas word terwyl dit nog nat is.
- 16 Sodra die onderlaag taaierig begin raak op plekke is dit 'n duidelike teken dat daar met die eerste bolaag begin moet word. Voel gereeld op verkillende plekke met die vingers of die onderlaag klewerig begin raak. Tydens warm weerstoestande kan dit binne 30 -60 miute wees terwyl koue temperature die tyd twee ure kan laat rek.

BOLAAG (Top-coat)

Standaard word die epoksie klaar in die kleur verskaf soos aangevra. Op versoek kan blou pigment apart verskaf word en bygevoeg word vir 'n ligblou afwerking van eie keuse. Gaan as volg te werk:

- ✚ Gooi die **toetale** hoeveelheid **Top-A** (wit) hoeveelheid wat vir die hele laag nodig is in 'n groot genoeg houer. (20l emmer). Meng eers pigment by **totale hoeveelheid** Top-A voordat die Top-B gedeelte (verharder) bygevoeg word.
- ✚ Voeg klein hoeveelhede pigment by en roer goed met elektriese boor en mengpunt todat die verlangde kleur verkry is. Normaalweg word 'n 5ml skeppie poeier per 1 liter wit Top-A bygevoeg. Meng baie goed om eweredige kleurverspreiding en pigment oplossing te bewerkstellig. Moenie donkerder meng as hemelblou nie. Indien nodig kan die blou Top-A gedeelte nou terug uitgemeet word in 3L hoeveelhede in die 5L houer indien so verskaf is.

Meng die bolaag wat in twee aparte houers verskaf word gemerk **Topcoat-A** en **Topcoat-B** in 'n verhouding normaalweg **3:1**.

Let asseblief op na die aanduiding op die houers aangebring vir die spesifieke mengverhouding van toepassing

Bv (3:1) TOPCOAT-A TOPCOAT-B
 3 l 1 l

Moenie meer as 4 liter op 'n keer meng nie aangesien die produk 'n settyd (potlife) van +/-45 min het en selfs minder op baie warm dae. Moenie die produk probeer aanverf of verdun as dit eers begin dik of taaierig word nie.

Wees versigtig dat die deksels van die houers waarin verskillende tyepe epoksie bestandele verskaf is nie omgeruil word nie om verwarring te voorkom later. Indien verkeerde elemente by mekaar gevoeg word sal dit nie werk nie.

- 1 Indien klein areas oorbly wat geverf moet word, meng dan kleiner hoeveelhede volgens akkurate verhouding.
- 2 In die winter en tydens koue temperature neem die epoksie heelwat langer om chemies te reageer en droog te word. Wend dan dunner lae aan om afsakking (sagging) te voorkom wat oornag kan plaasvind. Epoksie is heelwat swaarder as gewone dunner verf produkte en die gewig, indien nie vinnig droog nie, kan afsakking ondergaan. Wend liever drie dunner lae aan as twee dik lae tydens temperature laer as 10°C. In die somermaande (25°C) is die reaksie egter baie vinnig en droging vind binne twee tot drie ure plaas, wat afsakking sal voorkom.
- 3 Begin by die diepkant en verf die kante en bodem in die rigting van die vlakkant en die trappe laaste.
- 4 Op warm dae kan die werkers se sweet op die nat epoksielaag drup en dit geel vlek, gebruik kopbande om dit te help voorkom.
- 5 Die eerste bo-laag en onderlaag wat oornag gelaat is om te droog en 'n harde glanslaag gevorm het, moet volledig geskuur word met die hand en P60 skuurpapier om die glans te breek en verbinding met die volgende laag te verseker. Epoksielae moet verkieslik nie langer as 24 uur gelaat word om te droog voor die volgende laag aangewend word nie. Indien dit wel gebreur, skuur dit baie deeglik om orals die glans te breek. Epoksielae wat 'n paar dae gelaat is om te droog word baie hard en kan met P36 skuurskywe op n hoeksnyer gemonteer, geskuur word aangesien dit moeilik gaan skuur met die hand.
- 6 Verf die tweede bolaag op die kante en terselfdertyd op die bodem. Week die rollers goed om 'n goeie dikkerige laag te kan aanverf. Loop dié keer met sagte sole of verkieslik met kaal voete op die eerste droë bo-laag.
- 7 Maak seker alle oppervlaktes is eweredig toegeverf. Gaan die oppervlakte na, deur al om die swembad te loop en reg af teen die kante te kyk vir droë en vaal kolle wat oorgeslaan is met die tweede laag. Gebruik 'n besemstok of teleskopiese paal en 'n vasgehegte roller om droë kolle weer te verf.
- 8 Verwyder enige maskeerband terwyl die produk nog klam en sag is. Gaan die omliggende areas goed na om seker te maak dat daar nie merke en besmetting is nie. Verwyder enige merke met 'n klam lap terwyl die epoksie nog sag is.
- 9 Laat oornag om te droog, skuur weer goed soos voorheen en verf die derde bolaag aan op dieslefde wyse.
- 10 Die bo-laag neem ongeveer 3-4 ure om droog te word (afhangende van temperatuur). 'n Verdere 3 tot 5 dae is nodig vir die bo-lae om ten volle te verhard. Hoe kouer die weersomstandighede hoe langer droogtyd moet toegelaat word. Gaan die volgende dag in die swembad in met kouse.
- 11 Voel vir skerp uitsteeksels deur met hande teen kante te vryf en voete oor die vloer te sleep. Skuur haakplekkies liggies en maak reg deur'n klein hoeveelheid verf te meng (Altyd 3 en 1 bv: 60ml Top-A met 20ml Top-B), stel probleme reg met 'n kwassie.
- 12 Verhardingstyd is 3 dae, tydens koue weer moet die finale verhardingstyd verleng word na 7 verhoog word voor water ingetap word.
- 13 Die ideale verspreiding van die bolaag epoksie is 12-14m²/ liter. Indien baie produk oorbly verf weer 'n laag op die trappies en die boonste 500mm van die swembad vir langer lewensduurte sodra die vorige laag amper raakdroog is en verfbaar is.

Nota oor ondersteuningsdiens: Indien u probleme sou ondervind met die produk of aanwending en wil gebruik maak van ons ondersteuningsdiens later, sal ons graag wil help om u tegemoet te kom op welke wyse moontlik om die probleem so kostevry as moontlik te probeer oplos. Dit kan dus tot u voordeel strek om die aangehegte Installasie Nagaanlys in te vul tydens applikasie en aan ons te stuur binne sewe dae na aanwending. U kan dit per epos, faks of pos aanstuur vir ons rekords.

BELANGRIKE NASORG

U langtermyn tevredenheid met die produk wat u gekoop het is vir ons belangrik. Die produk is duursaam en van hoë gehalte. Indien u die produk reg aanwend, sal dit vir u baie jare van helderskoon swembadwande verseker. Om die produklewe te verleng, is dit belangrik dat u kennis neem van die volgende aspekte:

- ✚ Die verhardingstyd is belangrik aangesien die epoksie tydens hierdie tydperk nog maklik beskadig kan word. Die eerste 2 - 4 ure is krities aangesien die produk nog klam en sag is. Dit kan gedurende hierdie tyd maklik gekrap, gevlek word deur water en chemikalië. Na 3-4ure in die somer behoort die produk reënbestand te wees.
- ✚ Moenie grassny of tuinwerk doen wat stof veroorsaak naby die swembad, of sproeiers naby die swembad gebruik nie terwyls die epoksie nog nat is nie. Probeer sover moontlik verhoed dat stof, blare en ander vuilheid onnodig in die swembad beland. Hou troeteldiere, tuinwerkers en kinders weg van die swembad tydens die verhardingstydperk.
- ✚ 'n Styfgespande skoon skadunet of seil wat goed vasgebind word, kan gebruik word om die swembad te bedek die eerste dag. Die is nie 'n vereiste nie en is normaalweg nie nodig nie, aangesien die produk relatief vinnig verhard. Indien u 'n bedekking wil gebruik, wees versigtig dat dit nie aan die klam epoksielaag raak nie. Moenie skadunette probeer vaspak nie aangesien wind die voorwerpe in die swembad kan intrek, bind liever vas. Onthou dat enige chemikalië en middels wat dalk aan die bedekking kan kleef, deur reën in die swembad afgespoel kan word en skade kan veroorsaak.
- ✚ Na 4 ure (teen 25°C) sal reënweer nie meer onmiddellike effek op die produk hê nie. Poele reënwater wat dalk in die diepkant gevorm het tydens die verhardingstyd (3-7 dae), moet egter verkieslik met 'n stok en lap opgeweek en uitgedroog word aangesien langdurige staande poele water die verhardingsproses in die spesifieke area kan vertraag en die glans van die bolaag nadelig kan beïnvloed.
- ✚ Na 24 ure kan die swembad met kaalvoete of kouse aan betree word indien nodig om waterpoele op te droog. Moenie onnodig die swembad betree nie.
- ✚ Water mag eers na die minimum van 3 dae toegevoeg word.
- ✚ Laat die swembad na 3 dae volloop deur 'n aaneenlopende toevloei van water. Moenie die water-toevoer stop voordat die swembad nie vol is nie om sodoende die moontlikheid van ringmerke te voorkom. Laat die water in die diepste kant inspuit, weg van die muur af, sodat die aanhoudend wrywing van die lopende water nie loopmerke teen die muur veroorsaak nie. Verdere verharding vind plaas selfs nadat water ingetap is.
- ✚ Na water toegevoeg is, voeg chemikalië soos suur en chloor verkieslik deur die filtermandjie (weir) by terwyl die swembadpomp aangeskakel is. Alhoewel die epoksie baie goed bestand is teen sterk chemikalië en nie permanent sal vlek nie, bly dit goeie gebruik om sterk chemikalië eweredig deur die swembad te versprei om so vinnig as moontlik die water te stabiliseer, veral tydens die eerste drie weke wanneer die epoksie nog verder verhard en bestandheid teen chemikalië sal ontwikkel.
- ✚ **Toets die water se alkilaneit. Lae alkilaneit veroorsaak verkeerde lesings wanneer die pH-gehalte en chloorinhoud getoets word.** Lae alkilaneit is ook die sondebok vir baie oppervlakkvlekking in swembaddens. Voeg die aanbevole hoeveelheid suur by die swembadwater om die pH gehalte reg te stel. Skakel die pomp aan vir normale werking. Toets daagliks die pH todat die pH 7-7.2 is.
- ✚ Gebruik korrel H.T.H of ander soortgelyke chloor produk soos normaalweg. Maandpakke (drifters) kan ook gebruik word. Maandpakke kan aan die swembadkoonmaker se pyp vasgemaak word ongeveer 1 meter vanaf die kant van die swembad sodat die maandpak nie teen die kant van die

swembad “parkeer” nie. Hierdie is nie ’n vereiste nie maar ’n wenk om geel neerslae op die swembadwand te voorkom.

- ✚ Skakel die outomatiese skoonmaker (Kreepy, Baracuda ens) aan nadat die ewater volledig ingetap is.
- ✚ Maak seker die outomatiese swembadskoonmaker het die korrekte voetstuk soos gespesifiseer vir veselglas swembaddens indien beskikbaar vir u model.
- ✚ Indien ’n roesmerk deur ’n ystervoorwerp veroorsaak of ander vlek voorkom, gebruik ’n spons deurweek met Handy Andy om selfs onder die water oppervlak vlekke af te haal. ’n Growwer skottelgoed skuurspons kan vir hardnekkige roeskolle of enige ander vlekking gebruik word indien nodig, maar moenie uitermatig met growwe skuuoppervlaktes skuur todat die boonste glans deurskuur nie. Meeste vlekke kan met sukses verwyder word met normale spons en skoonmaakmiddels.
- ✚ Geel vlekke wat normaalweg veroorsaak word deur die vrylating van hoë konsentraat chloor deur “geparkeerde” drywende maand pak chloorineerders, verdwyn na een tot twee weke vanself. Andersins kan dit ook op dieselfde wyse as reeds beskryf vir roeskolle, verwyder word. Bind drywende maandpakkies aan die outomatiese swembadskoonmaker se pyp weg van die kante van die swembad om die probleem te voorkom.
- ✚ Indien u gebruik maak van ’n soutchlorineerder, gebruik vir die eerste 4 weke eers normale HTH chloor produkte. Na ’n maand, voeg die voorgeskrewe hoeveelheid sout by en skakel die soutchlorineerder aan.

Geniet u swembad! Laat ons weet hoe die installasie verloop het en waar ons kan verbeter op ons diens en metodes. Kliënte word ook uitgenooi om positiewe terugvoer vir publikasie op ons webtuiste in te stuur. Deelnemende kliënte wat sodoende bydra tot ons bemerking sal eerste in aanmerking kom en verwittig word van enige spesiale aanbiedinge ten opsigte van swembadtoebehore, chemikalië ens.

VERWYSINGS

Bestaande kliënte wat ander persone verwys is geregtig op ’n 5% kommissie sou dit lei tot ’n kooptransaksie. Kontak nommers: Celéne – 083 227 6663 Webtuiste: www.poolsolutions.co.za

Baie dankie vir u belangstelling en vertroue in ons produk, soos duidende ander kliënte is ons seker u sal tevrede wees met die kwaliteit van ons produk, ons diens, asook ons naverkoopdiens. Vir enige verdere navrae of opmerkings, kontak ons gerus by reply@poolsolutions.co.za .

Gee gerus terugvoer oor u projek, hoe u swembad lyk en/of algemene opinie. Indien u bereid is dat ons u terugvoer mag publiseer op ons webtuiste, dui asb so aan. U kan ook fotos, of enige ander aanbiedinge instuur vir publikasie wat ander gebruikers kan help. Alle bydrae word waardeer. Epos na: reply@poolsolutions.co.za

Tiepiese Materiaallys vir twee werkers

ITEM	HOEEVEELHEID
Rollers Handvatsel 100mm	2
Mohair Rollers 100mm	8
Kwaste 35mm	8
Skuurpapier P40/P60 (per rol)	2
Swart Plastiek Sakke (rol)	1
Lap (rol)	1
Methylated Spirits 5L	1
Maskeerband (rol)	1
Silikon vir afseëling rondom lig en ander	1
Handskoene Sweis (Stel) vir grinder beskerming	2
Handskoene Rubber (Stel) chemise bestand vir Mosaic Wonder en of ander skoonmaak chemikalië	2
Unerwater Pool Patching 5Kg vir herstel van marblite an barste ens	1
Plastiekvel (drop sheet by trappies)	1
Elekriese verlengingskoord (20m)	1
Veiligheidsbril vir skuurwerk met grinder	2
Stofmasker met 2 kapsules P1 vir stof . Tydens skuurwerk NB	1
Emmer 5L vir megery van Onderlaag en Bolaag aparte emmers	4
Maatbekertjie	1
Opvullingmes (Putty knife)	1
Skopgrafie, Besem en borsel (Stel)	1
Verlengstok (besemstok) vir rollers	1
Skuurblok vir skuurpapier	2
Boormasjien (bv Ryobi 550w) vir mengwerk	1
Mengpunt vir boormasjien	1
Hoeksnyer (Grinder) 230mm (bv Ryobi)	2
P16 Fiber discs (Lucas Abrasives) vir skuuwerk	1 per 10vkm
M14 Fexipad Rubber Backing Disk vir grinder	2

INSTALLASIE NAGAANLYS

Naam van aanwender/eienaar/kwaliteitsbeheer beampte:

Installasie Adres:

Merk afgehandelde take, nagegaande items met (✓, Ja or Nee), monitor datum en tyd, neem foto waar van toepassing indien u fotografiese rekord wilhou:

STAP	TAAK/BESKRYWING	NAGEGAAN (✓) (Ja) (Nee)	DATUM	TYD	FOTO
1	Swembad leeggemaak en gelaat om te droog				1
2	Kyk vir krake, los marmersment, probleme reggemaak, mosaiek teëls skoon geskrop.				
3	Is chemikalië/skoonmaakmiddels gebruik om teëls skoon te maak? (Ja, Nee)				
4	Is teëls met seep en water geskrop na chemiese middels gebruik is?				
5	Skuur (met hoeksnyersmasjien) of hoëdruk-was die hele swembad (Hoëdruk-was twee keer)				
6	Na skuurproses was die hele swembad om seker te maak dit is stofvry. Laat heeltemal droog word				2
7	Roer Primer A deeglik, Roer Primer B deeglik, meet uit in korrekte hoeveelhede en meng praktiese hoeveelhede in korrekte 3:1 (A:B) - verhouding in aparte emmer. (meng vir 3 min)				
8	Wend deeglik aan met rollers, gaan kort-kort na vir droë kolle en wend weer op droë kolle aan. Wend goed aan bolangs en op die trappies. Gebruik kwaste om in te sny langs teëls en in klein areas.				3
9	Laat toe on effens droog te word – sodra begin taai voel op plekke, wend bolaag dadelik aan				
10	Eerste Bolaag Roer Top-coat A deeglik, Roer Top-coat B deeglik, meet uit in korrekte hoeveelhede en meng praktiese hoeveelhede in korrekte 3:1 (A:B) - verhouding in aparte emmer. (meng vir 3 minute)				
11	Wend deeglik aan met rollers, gaan kort-kort na vir kolle gemis en bedek. Wend goed aan bolangs en op die trappies.				
12	Laat oornagtoe om droog te word en skuur deeglik met p 60 skuurpapier om glans te breek				4
13	Tweede Bolaag Roer Top-coat A deeglik, Roer Top-coat B deeglik, meet uit in korrekte hoeveelhede en meng				

	praktiese hoeveelhede in korrekte 3:1 (A:B) - verhouding in aparte emmer. (meng vir 3 min)				
16	Laat oornagtoe om droog te word en skuur deeglik met p 60 skuurpapier om glans te breek en waslagie te verwyder				5
18	Derde Bolaag Roer Top-coat A deeglik, Roer Top-coat B deeglik, meet uit in korrekte hoeveelhede en meng praktiese hoeveelhede in korrekte 3:1 (A:B) - verhouding in aparte emmer. (meng vir 3 min)				
19	Wend aan met rollers, Gaan gereeld na vir plekke gemis, bedek. Gebruik kwaste waar nodig.				6
20	Na een dag betree kaalvoet en gaan na vir skerp punte en beskadigde plekkies, maak reg.				
21	Los vir 3 dae in die somer om te droog, 7 dae in koue winter.				
22	Vul bad in een aaneenlopende inloop weg van die mure af.				7

Notas: (Stuur asseblief vir ons terugvoer. Kommentaar en/of u aanbeveling)

Vir naverkoopdiens in die geval van produkfaling, voltooi die vorm en fotos soos aangedui en stuur terug aan ons binne 21 dae na aankoop. Terugvoer kan gestuur word na:

Posadres : Posbus 74170, Lynnwoodrif, Pretoria, 0040

Of e-pos : feedback@poolsolutions.co.za

Faks: 086572412